PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034
JEUGMENTOR:
Louis Aucamp
☎ 074 150 2022
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

18 Junie 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

dr. Braam Krüger

***Skriflesing**: Matteus 11:25 - 30*
***Teksvers:** Matteus 11:28*
***Tema:** Kom na Jesus toe, almal wat rus soek!*

AANDDIENS 18:30

dr. Braam Krüger

***Skriflesing**: Romeine 12: 1 - 2*
***Teksvers:** Romeine 12: 2*
***Tema**: Besef jy wanneer God besig is om jou te verander?*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE IN DIE SAAL SAAM MET ONS.

PINKSTERSANGDIENS
25 Junie @ 17:00

Almal word vriendelik uitgenooi.
Let asb daarop dat daar geen Lof –en aanbiddingsdiens en aandiens die 25ste sal wees nie

ORRELISTE VANDAG

Oggenddiens	Cornelia Bakker
Aanddiens:	Cornelia Bakker

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

VOORBIDDING:

- Tannie Rita Kotze is steeds in Linmed se waakeenheid met hartversaking. Ons dra haar, en haar kinders, Juan Kotze en Lourette Barger op aan ons Hemelse Vader.
- Tannie Rina de Jongh het Donderdag 15 Junie 'n buikoperasie gehad. Ons bid vir volkome genesing.

DANKBAARHEID:

- Aan die predikante en lidmate van Benoni GK: Baie dankie vir elke gebed en boodskappe tydens my siekte. Dankie ook vir die wonderlike ondersteuning wat julle voortdurend aan my pa en ma (Jan en Arina Lubbe) bied. Julle is ñ voorbeeld van hoe ons prakties ons Here Jesus se liefde moet uitleef.

Seënwense, Arina Roux

GELUKWENSINGS:

- Baie geluk aan Zuanda en Le Roux Stroebel. Zuanda is swanger met hul tweede kind.
- Baie geluk aan Lize en Edwin Calitz. Lize is ook swanger.
- Baie geluk aan Marika en Jaco Smook wat Vrydag, 16 Junie in die huwelik getree het.

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 18/06	08:00 - 09:00 09:00	Gebedsuur Peuterklas (2-4jaar)	Donsie Krüger Anneke Salomons	Moederskamer 2 Kerkhuis
Ma. 19/06	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adrie Goede	Rynpark 5 sitkamer
Di 20/06	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 21/06	09:30 19:00	Palms –senior lidmaat byeenkoms DUST - Hoërskooljeug bybelstudie	Una Steyn Louis Aucamp	Kerksaal Jeuglokaal
So. 25/06	17:00	Pinkstersangdiens		Kerkgebou

DATUMS OM TE ONTHOU

Sondag 25 Junie	Pinkstersangdiens 17:00 in die kerkgebou
Maandag 26 Junie	Kom vra jou vrae. 19:00 in die konsistorie

TEESKINK BEURTE

Vandag	Hannes vd Linde en kinderhuis dogters
Volgende week	Wyk olv Henco Smit

OUDERLING DIENSBEURTE

Vandag	Piet Bateman
Volgende week	Harrie Salomons

VERJAARSDAE

11 - 17 JUNIE 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
So. 18/06	Annetjie Yssel *** Chene van den Berg ☺ Jack Stapleton	083 229 5351 083 765 1634
Ma. 19/06	Sonja Scholtemeyer Kees Norel	082 491 3520 079 525 6834
Di. 20/06	Jurjen Suurd Marius Steyn Lauwrence Koen	082 873 3137 083 233 7353 082 491 5669
Wo. 21/06	Ria Kruger	084 829 4385
Do. 22/06	Andre van Tonder	082 553 9162
Vr. 23/06	Ilza van Zyl Elsje Jordaan	072 275 9741 082 255 0791
Sa. 24/06	Nicky van den Berg	

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

PALMS BYEENKOMS
21 JUNIE 2017 @ 09:00 IN DIE KERKSAAL.

Alle senior lidmate (die Palms) gaan weer lekker saamkuier, en julle geheue gaan getoets word!
Ons nuwe jeugmentor, Louis Aucamp, gaan met ons kom gesels.

Groete: Una Steyn ☎ 0833094017/ (H) 011 747-7724

AANVAAR DIE E100 UITDAGING!

Wees een van miljoene Christene wêreldwyd wat die uitdaging om die E100 vanjaar te lees, aanvaar het. Ondersteun mekaar deur daaglikse gebed.

JY KAN!

As dit vir jou onmoontlik lyk om die Bybel van die begin tot die einde deur te lees, volg die E100, 'n opwindende leesrooster wat jou help om in een jaar deur die Bybel te lees. Dit neem jou deur 50 essensiële Skrifgedeeltes uit die Ou Testament en 50 in die Nuwe Testament, wat die groter prentjie duidelik maak.

Week 3	DIE VERHAAL VAN JOSEF	E100
11	Josef word 'n slaaf	Genisis 37:1 - 37:36
12	Gevangenskap en bevordering	Genisis 39:1 - 41:57
13	Tien broers reis na Egipte	Genisis 42:1 - 42:38
14	Die broers keer terug	Genisis 43:1 - 44:34
15	Josef maak hom bekend	Genisis 45:1 - 46:7



SAMKELO KLEUTERKLAS IN ACTONVILLE

Hoera !!!

Dankbaar om almal te laat weet dat ons met twee kleuters ons klassie kon begin.
Ons doen asb. steeds 'n beroep om finansieële bydraes. Help asseblief om ons keuterklas in Actonville se voortbestaan te verseker.

Baie dankie aan almal wat reeds hulle steun gegee het.

In besonder: dank aan Chrissie Pretorius en Linda Katz.

Navrae kan aan Hannelie Bosch gerig word op 082 560 7614

KOLLEKTES 11 Mei 2017

Baie Dankie!!

Groot dank aan die gemeente vir die mildelike bydrae van R18 000 met die kollektes verlede Sondag. Ons kon 60 dubbelbedkomberse aan die Eden-gemeente in Plettenbergbaai stuur. Die Eden-gemeente staan mense in die gemeenskap by wat alles verloor het weens die brande. Die diakonie het gevra dat ons komberse stuur omdat daar nie meer voorraad in die winkels in Plettenbergbaai en Knysna is nie. Ons sê ook baie dankie aan RAM Couriers in Isando wat vir ons die komberse gratis Plettenbergbaai toe geneem het
Baie dankie ook aan lidmate wat donasies in die kerk en BDG se bankrekeninge betaal het. Ons sal hierdie fondse in samewerking met die Eden-diakonie vir verdere nood in die Ooskaap aanwend.
Nogmaals baie dankie vir u omgee.
Groete in Christus
Barmhartigheidsdiensgroep

Kollektes - Vandag:
Onder die diens: DVB
By die deure: TSP Studentekas
Volgende week:
TOIBO

GK BENONI BILTONGFEES.

25 Augustus is weer biltongfees-tyd! Die Aksies-diensgroep het die vrymoedigheid om alle jagters, vriende en potensiele skenkers te vra vir ondersteuning dmv. skenkings van wildsvleis of beesvleis.

Kontak asb Derik van Niekerk ☎ 084 566 0004 of Donsie Krüger ☎ 084 627 2393 as jy 'n skenking kan maak.

NOOITGEDACHT SKOLIEKAMP 2017

- **Tema:** Uitverkore Vreemdelinge
- **Datum:** 9-14 Julie
- **Plek:** Nooitgedacht, 30km buite Potchefstroom
- **Koste:** R750
- **Tyd van Aankoms:** Maandag 9 Julie om 16:00
- **Tyd van vertrek:** Vrydag 14 Julie om 10:00

Die doel van die Skoolverlaterskamp is om skoolkinders vanaf gr.10 tot 12 te bedien met die Woord, saam bande te bou as medegelowiges, en om saam God te loof. Die kamp bestaan uit verskeie pret en leersame elemente bv. Bybelstudie, lofprysing asook prettige (nee, regtig) groep-aktiwiteite en genoegsame aftyd om die heerlike koepel-omgewing te geniet.

Hierdie kamp is 'n besondere tyd vir stil word voor die Here in sy skepping en voor sy Woord, dit is ook 'n tyd vir bande bou met jou mede-studente/jong-werkendes en die skolies.

As groepleier sal jy saam met jou mede-groepleier (twee per groep) leiding neem van 'n groep skoolverlaters (gewoonlik so 4-8 kinders). Jou werk is om hierdie groepie te lei tydens die Bybelstudie besprekings sessies en ander groep-aktiwiteite. Jy bou ook bande met hierdie skolies as mede-Christene. Hierdie is verseker nie al wat jy sal doen nie maar die ander dinge (alhoewel pret) is veels te divers om hier te bespreek, kom sien maar self!

As Kosspan lid sorg jy vir die... uhm... Atmosfeer... van die kamp. Dit is 'n gulde geleentheid om jouself te verdiep en Bybelstudie en om bande te bou met jou mede-studente. O ja, en jy sal elke nou en dan moet kos maak maar ek los daardie besonderhede vir die Kosouers (die mense wat eintlik al die werk doen) om te verduidelik.

Ten slotte, hierdie kamp het in my lewe (Pierre Muller) 'n besondere impak gehad as Skoolverlater, die feit dat ek nou nog betrokke is na 6 jaar behoort iets daarvan te sê. Verder het ek gesien wat hierdie kamp vir soveel ander studente en koolverlaters beteken het en daarom kan ek nie anders as om opgewonde te raak oor hierdie geleentheid om dit met julle te deel nie. God roep ons as gelowiges om naby aan Hom te wees en om ander met sy Woord te bedien, hier is jou geleentheid, ek hoop ek sien jou daar.

Vir verdere inligting, loer op ons page:
https://www.facebook.com/groups/406980662653408/

Of kontak my gerus.
Pierre Muller ☎ 072 780 28664
ggpmuller@gmail.com
Of gesels met Louis Aucamp ☎ 074 150 2022

GHOLFDAG GEREFORMEERDE KERK BENONI – 27 OKTOBER 2017

Aandag: Alle Broeders en Susters

Ons beplan weer hierdie jaar ons jaarlikse gholfdag en gee graag die datum en besonderhede deur sodat belangstellendes kan kennis neem.

Ons het Benoni Country Club se gholfbaan bespreek vir Vrydag 27 Oktober 2017 en ons vertrou dit sal 'n mooi dag wees soos met vorige geleenthede. Die gholfdag sal weer ten gunste van die President Kruger Kinderhuise aangebied word wat deur ons kerkverband bestuur word. Daar is 2 kinderhuise. Die een is in Pretoria & die ander is in Reddersburg. Ons ondersteun hulle elke jaar met die opbrengs van die golfdag deur behulp van Hanli Buys, Hettie Viljoen en die diakonie. In die verlede het ons gehelp om vir elke kind n verjaarsdag geskenk te koop asook om van die kinders te help om die Riviertoer wat jaarliks aangebied word deur GK Frankfort by te woon.

Om hierdie hulp weer te kan aanbied versoek ons almal wat kan help en veral dié wat gholf speel of mense ken wat speel om vir Dirk van der Wateren of Ryan Colyn te kontak. Soos met vorige jare is ons op soek na helpers op die dag te help, en borge wat bereid is om n paar rand te gee om te help met onkostes van die dag, asook die finansiele hulp aan die kinderhuise soos genoem.

Ons vertrou dat die gemeente ons weer sal ondersteun soos in die verlede.

Ons kontak besonderhede is as volg: Ryan Colyn -083-2857534 of Dirk vd Wateren – 082-8946731

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 11 Junie 2017 se antwoord.

Eksodus 6: 22

" Aaron het met **Eliseba** , 'n dogter van Amminadab, suster van Nagson, getrou, en hulle seuns was Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar."

Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur Jan Lubbe; Martie Gibson; Una Steyn; Judy Greyling; Klein de Kock; Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van **???** en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming."

Vraag: Wie noem Jakobus 'n voorbeeld van lyding en geduld? Lees gerus Jakobus en noem sy voorbeelde van lyding en geduld en noem waar bostaande vers staan

en SMS dit met jou naam en van na 082 873 3173

DIE TYD OM JOU HORISONNE TE VERBREED HET AANGEBREEK!

Cantare Jubiloso Koor bied aan:

HORIZONS op 2 Sept 2017 om 18H00 in die Kaleideo Kerk, Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park (kaartjies teen R110,00 pp by Computicket beskikbaar) en op 10 Sept 2017 in die NG Klipkerk Heidelberg

(kaartjies teen R100,00 pp by Lanie beskikbaar op 082 940 9001 of ticketsales@cantarejubilosochoir.co.za).

Hierdie konsertreeks gaan fantasties wees, met ongelooflike mooi musiek van geestelike en sekulêre aard en *Horizons* deur die Suid-Afrikaanse komponis Peter Louis van Dijk as hoofwerk. Dis ook propvol saamsing-geleentheid.

Kom lag, huil, sing en lofprys saam met ons!!

Vir verdere inligting, kontak Lanie op 082 940 9001 of besoek ons facebookblad (Cantare Jubiloso Choir) en ons webblad (www.cantarejubilosochoir.co.za).

SIEN JOU DAAR!!

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

TSP Studentekas